

# PAARL-SKOOL
**NUUSBRIEF 4/2022**

# PAARL SCHOOL
**NEWSLETTER 4/2022**

## Vanuit die Skoolhoof se Kantoor

Geagte Ouers / Voogde

Een van my belangstellings is navorsing oor wat mense, veral kinders, motiveer. Die afgelope 6 jaar was ek nou betrokke by die Gr. 6 – 8 leerders ten opsigte van studiemetodes en –tegnieke – of soos ek dit noem: studieresepte. Opsigself beteken dit niks as daar nie ‘n innerlike strewe is om suksesvol te wees nie. Dit is hier waar motivering inkom – aanvanklik eksterne motivering (stok-en-wortelmetode) daarna die innerlike (intrinsieke) motivering. Hieroor is daar al biblioteke vol geskryf en vreeslike navorsing gedoen. My kort verduideliking is sukses-lei-na-sukses ("success breeds success"). Ek het al voorheen hierna verwys toe ek oor belonings gepraat het. In die opvoeding van kinders speel erkenning ‘n geweldige rol. As berader en loopbaanbegeleier, in van my vorige aanstellings, het ek daagliks daarmee te doen gekry. Tans as bestuurder van ongeveer 140 volwassens kan ek bevestig dat erkenning (raaksien) van personeelinsette lei tot verdere positiewe insette. (Die teenoorgestelde is soms ook waar – om nie erkenning te gee nie, kan lei tot onbetrokkenheid. Dit is ‘n bekende feit dat werkplekerkenning werknemers laat voel dat hulle na waarde geskat word en dit lei tot verhoogde produktiwiteit en lojaliteit. Hoe nie te meer gaan kinders (leerders) baat by erkenning nie.

Wanneer u hierdie item lees, gaan u alreeds u kind se rapport gesien het. Onthou u nog u eie rapporte en u ouers se reaksie? Wees net altyd eerlik, maar onthou die belangrike Bybelse les wat ons in Spreuke 15:1(a) leer: (ek hou van die ou vertaling) “’n Sagte woord keer die grimmigheid af…” Ek hoop nie dit is nodig nie en dat u onvoorwaardelik en met tonne liefde u kind sal prys – al is die uitslag nie wat u op gehoop het nie. Behalwe vir die Bybel, het Peter Haddon se boek “Be The Best You Can”, my geweldig gelei en geïnspireer in my eie soeke om die beste te wees wat ek kan wees, maar dit alles bly net genade, genade uit Jesus se hand!

Vir ons wat die geboorte van Jesus, ons Verlosser vier, laat ek u met hierdie Skrifgedeelte:




Geseënde Christusfees word u toegewens.

Groete

Stoffel Kruger




## Waarde van die kwartaal

# moed: (s.nw)

/'mut/

dapperheid tydens 'n moeilike of gevaarlike situasie; vir iets kans sien en nie bang wees nie; onverskrokkenheid



Alexander Clemitson



Matthew Sadoucas

# Hoofleiers

## VIERDE KWARTAAL

**TROTS** *op julle!*

# Prefekte 2023

Baie geluk aan die volgende leerders met hul verkiesing as prefekte vir 2023. Ons glo dat julle 'n goeie voorbeeld sal stel waarop ons trots sal wees: Zinray Buis, Dylan de Jager, Savoya du Toit, Juvan Yzelle, Carla Fieties, Carlyn Jacobs, Felix Polepole, Dominic Windvogel, Grace Louw & Cohl Abrahams.



# Opvoedersdag

Paarl-skool het op 27 September 2022 die "Wêreld Onderwysersdag" gevier. Die prefekte het die opvoeders en terapeute vroegoggend op die rooi tapyt verwelkom met musiek, toejuiging en 'n spesiale bederfpakkie.

Elke jaar neem die opvoeders en terapeute die hande van 'n nuwe groep leerders. Hulle is lief vir die leerders soos hulle eie. Hulle skep 'n veilige ruimte vir die leerders en hulle leer die leerders oor die wêreld en hoe om vir hulself lief te wees. Wat 'n wonderlike werk doen opvoeders en terapeute elke dag! Julle word gesien, waardeer en maak die wêreld 'n beter plek!








# Sport

Parasport het stadig begin momentum optel in 2022. Ons by Paarl-skool is opgewonde oor al die vooruitsigte, geleenthede en prestasies van die jaar en ons deel dit graag met julle.

## Landloop





Joalet Viljoen het deur die jaar hard gewerk en gereeld saam met nie-fisies gestremde, sowel as para-atlete geoefen. Sy het in Oktober aan die SA-Landloopkampioenskappe in Oos-Londen deelgeneem en is ook gekies as die Paarl-skool Senior Landloopatleet van 2022. Sy het ook deelgeneem aan die Wes-Kaap Provinsiale Atletiekproewe wat op Saterdag 12 November 2022 gehou is en is verkies as lid van die Wes-Kaapspan wat in 2023 gaan deelneem by die SASAPD Nasionale Kampioenskappe. Veels geluk, Joalet, jou harde werk werp vrugte af!


## Rolstoelbasketbal



Nathan Hanekom en Moses Mohape is gekies as deel van die Wes-Kaapse rolstoelbasketbalspan. Hulle sal van 6-14 Desember 2022 aan die Nasionale Skolesportkampioenskappe in Johannesburg deelneem.

## Para-Tafeltennis





Lyn-Neigh Spagenberg is gekies vir die Wes-Kaapse para-tafeltennisspan. Sy sal ook van 6-14 Desember 2022 aan die Nasionale Skolesportkampioenskappe in Johannesburg deelneem.



Ons is trots op al ons atlete. Hulle het toewyding en deursettingsvermoë getoon. Ons weet dat hul harde werk nou en in die toekoms goeie resultate sal lewer.

## Para-fietsry

5 van ons leerders het Saterdag 12 November 2022 die geleentheid gekry om aan die Wes-Kaapse Provinsiale Proewe deel te neem. Hulle het dit baie geniet en het baie gemotiveerd teruggekom om hard te oefen vir die volgende mededingende geleentheid.

## Boccia





Na baie afrigting en 'n paar oefeninge na ure, het Takunde Machuwene en Ilse du Plessis op 19 November 2022 die geleentheid gehad om hul vaardighede tydens die distriksproewe van die Westelike Provinsie ten toon te stel. Ons wag nog op die uitslae, maar ons is trots op hul pogings.


Een van ons personeellede en 'n oud-leerder, Elanza Jordaan, wat deur haar ma sr. Sandrè Jordaan gefasiliteer word, neem van 3-14 Desember 2022 aan die Boccia-Wêreldkampioenskappe in Rio de Janeiro deel. Ons wens haar 'n veilige reis toe en hou duimvas vir haar tydens die kompetisie.


# Prestige-aand

Paarl-skool kon uiteindelik weer 'n behoorlike prestige-aand aanbied, wat ouers en eregaste kon bywoon. Dit was 'n wonderlike aand waar ons leerders erkenning ontvang het vir hulle prestasies op akademiese, sport-, kulturele en leierskapsgebied. Sommige leerders het ook spesiale toekennings en trofeë ontvang vir hul uitstekende karaktereienskappe en waardes deur moeilike tye en omstandighede. Die nuwe leiers vir 2023 is aangekondig en ouers het die voorreg gehad om by hulle op die verhoog aan te sluit om hul balkies aan te steek. Dit was inderdaad 'n spesiale aand.












# Kultuur

## Courage Eisteddfod





Hierdie is die inisiatief van een van ons eie opvoeders, me. Ronel van Dijk en haar vriend Niel Roux. Hulle het 'n droom gehad om 'n platform te skep vir leerders met spesiale behoeftes om op te tree en deel te neem, en hul volle potensiaal te bereik ten spyte van hulle leerhindernisse en/of gestremdhede.

Die Courage Eisteddfod glo dat:

> Courage will not erase our fears. Courage is there to face our fears.

10 Skole het hierdie jaar aan die Courage Eisteddfod deelgeneem. Ons skool het leerders gehad wat deelgeneem het aan voordrag, poetry, sang, kunsvlyt en visuele kunste. Ons is baie trots op elkeen wat die moed gehad het om voor 'n gehoor te staan en hul beste gelewer het.

Baie geluk aan die volgende leerders wat as kategorie-wenners gekies is.

**VOORDRAG**
Liam Thiart
Jeney Petersen

**POETRY**
Blessing Nyamayaro
Sandra Mjika

**SANG**
Seth Brown
Carla Fieties
Isiphile Mema

**KUNSVLYT**
Heinrich Swanepoel

**VISUELE KUNSTE**
Mari van Zyl
Mackenzie Muller
Ruwhaan Fielding
Dale Lakay
Alexander Clemintson
Jayden Masimila

## Koor

Ons was vreeslik opgewonde om weer 'n slag te kon deelneem. Daar is heerlik gesing saam met Jak de Priester, Laerskole Bastion en Brackenfell. Ons sien uit na 'n besige jaar in 2023!





# Landsdiens

Die Landsdiens-leerders het hierdie kwartaal baie pret gehad. Hulle het geleer om roosterkoeke te braai en al was dit nie skougehalte nie, het die leerders (en onderwysers) hulself baie geniet. Die Landsdiensklub het ook hul eerste uitreik gedoen na Change for the Better Foundation. Die leerders het met die honde en katte gespeel en geloop, baie geleer en ook kos vir die diere geskenk. Ons sien uit na wat 2023 vir die Landsdiensklub inhou.





# Koshuis



Kersfeestyd, liggietyd, feesviertyd en totsiens-sê tyd, so vier ons fees in die koshuis. Ons groet 12 van ons maats wat gereedmaak om nuwe hoofstukke in hul lewens te begin. Saam vier ons ook Jesus se geboorte met 'n toneelspel deur van ons koshuismaats en tannies. Ons geniet heerlike kos en die aand word afgesluit met Kersvader wat geskenke uitdeel. Kyk, ons weet hoe om fees te vier!









# Nuus uit die fases

## Voorskoolse Fase



Theo van Mural Maniac het die Voorskoolse gang betower deur 'n pragtige natuurtoneel op die muur te verf. Die leerders kan nie ophou om die pragtige groot boom te bewonder nie en hulle soek graag na al die diertjies wat daar wegkruip. Hul vind dit groot pret om die blommetjies, bytjies, blomme en ander goetertjies te vind en te tel.





## Gelukkige Aftrede



Ons groet ons geliefde Juffrou Ingrid Bronkhorst, wat na 23 jaar diens in die Voorskoolse Fase by Paarl-skool aftree. Dankie vir jou toewyding, harde werk en liefde vir ons kinders. Ons gaan jou baie mis!

## Grondslagfase

Die Grondslagfase het onder leiding van Juffrou Lente die spesiale Kersfeesboodskap vir ons ouers opgevoer. Ons Graad 3-leerders was die hoofkarakters en almal in die afdeling het deelgeneem. By hierdie geleentheid het ons ook ons Graad 3-leerders gegroet en die Graad 1 en 2 leerders het hul sertifikate ontvang.

Baie dankie aan al ons ouers wat hierdie geleentheid bygewoon het. Die kinders was so opgewonde en bly! Dankie ook aan al ons klas-assistente en fasiliteerders wat ons so mooi bygestaan het hierdie jaar. Julle het gehelp om ons kinders mooi te leer en veilig te hou. Ons dank gaan ook aan ons Hemelvader wat ons elke dag bederf het met gesondheid, liefde en vrede.





## Funksionele Fase


Op Woensdag 2 November 2022 het 'n jolige groep leerders van die Funksionele Fase, Exotic Animal World besoek. Tydens die inligtingsessie het hulle ook die geleentheid gekry om aan sekere van die "grillerige" en "glibberige" inwoners te vat. Inderdaad 'n prettige dag!





# Intermediêre Fase

Ons leerders het die wonderwêreld van papier ontdek. Papier is nie net daar vir eksamen skryf nie! Dit kan ook op allerhande kunstige maniere gevou word. Die Intermediêre Fase het op 11 November 2022 Nasionale Origamidag gevier. Ons het geleer dat alhoewel papier in 105 na Christus in China uitgevind is, hierdie kunsvorm in Japan ontstaan het. Die leerders het ook die kans gekry om heerlik interaktief te wees. Baie dankie aan Juffrou Lente Cloete wat die leerders geleer het hoe om harte, skoenlappers en hondjies te maak tesame met die verdwaalde papiervliegtuigies in die lug!






Die Senior Fase neem afskeid van Juffrou Yolanda Barnardo wat na 5 jaar Paarl-skool verlaat. Ons wens vir haar alle sterkte toe met haar nuwe reis. Ons gaan haar mis.







# Senior Fase


"Wees die reënboog in iemand anders se wolk." – leef, deel en straal dit uit. Hierdie jaar het die Senior Fase-leerders geleer om 'n positiewe ingesteldheid te hê, om die glas eerder halfvol as halfleeg te sien en geduldig te wees in alles wat hulle aanpak. Ons kyk terug na 2022 met 'n hart vol dankbaarheid oor al die positiewe gebeure, o.a. deelname in sport en kultuur, emosionele groei, akademiese ontwikkeling en prestasies. Hierdie jaar het ons elke Paarl-skool waarde: respek, omgee, moed en verantwoordelikheid uitgeleef!

# Werksvoorbereiding

Ons skoolverlaters het op 11 November 2022 hulle afskeidsfunksie gehad. Hierdie leerders is al hulle hele skoolloopbaan in Paarl-skool en noudat hulle 18 is, is dit tyd om afskeid te neem van hulle. Dit was 'n spoggerige geleentheid. Die saal was mooi opgemaak, die rooitapyt oopgerol en die leerders was uitgevat in hulle aandrokke en pakke. Dit was 'n feestelike aand met heerlike kos, musiek en geselskap. Daar is baie foto's en "selfies" geneem. Ons is seker dat almal die aand geniet het en dat daar baie herinneringe gemaak is wat die leerders en personeel nog jare lank sal by bly.



# PSOS

## Paarl-skool Ontwikkelingstigting

Dit was ‘n opwindende kwartaal 4 vanuit die Paarl-skool Ontwikkelingstigting-kantoor!



**School Days:** Hierdie is ons splinternuwe lojaliteitsprojek. Vir elke nuwe registrasie met Paarl-skool as begunstigde, skenk School Days R15 tot 18 Januarie 2023 aan Paarl-skool. Dit is bo en behalwe die persentasie wat die skool ontvang wanneer aankope by die geaffilieerde winkels gedoen word (Baby City, Dischem, Bookings.com, Standard Bank). Registreer hier: (QR-code)

**Doppies vir rolstoele:** Baie dankie aan al ons doppieskenkings! Altesaam 621 kg is die afgelope semester ingesamel. Hiervoor het een van ons leerders, Sureidah Steenkamp ‘n splinternuwe rolstoel ontvang. Dankie, Breadtags-For-Wheelchairs!

### MEMO

**Korporatiewe / individuele donasies:** Die Paarl-skool Ontwikkelingstigting is ‘n geregistreerde openbare weldaadsorganisasie en donasies kan belastingverligting, B-BBEE punte, asook bemarking vir sosiale bewustheid bied. Baie dankie aan al ons donateurs! Weet dat elke donasie met wysheid en sorg bestuur word.

*‘n Geseënde feestyd word aan al ons PSOS-donateurs, Klub100-lede en Paarl-skool vriende toegewens!*

*“It takes a village to raise a child!”*

Ons wil graag die gemeenskap aanmoedig om vir Paarl-skool ‘n begunstigde te maak op u **Woolworths My School-kaart.** Gebruik asseblief hierdie skakel https://www.myschool.co.za/ om dit te doen. Paarl-skool kry dan ‘n persentasie van al u aankope by Woolworths!

## Klub100

Met hierdie projek kan goedhartige mense onderneem om elke maand R100 vir een jaar te skenk. Die fondse help dat Paarl-skool leerders broodnodige dienste en sorg kan ontvang. Kontak asseblief die PSOS-kantoor by **ontwikkeling@paarlskool.org.za**

